HOËRSKOOL WATERKLOOF

ONS BOU IN GELOOF

Sedert 1979

Posbus 25085, Monumentpark,
Pretoria, 0105
Tel: (012) 347 0277
Faks: (012) 347 0279
E-pos: klofies@klofies.co.za
www.klofies.co.za

11 Maart 2020

PERSVERKLARING T.O.V. KUBERMISDAAD TEENOOR HOËRSKOOL WATERKLOOF

Ek, mnr. C.H. Denysschen, die hoof van Hoërskool Waterkloof, verklaar die volgende:

Op 11 Maart 2020 om 11:00 het Hoërskool Waterkloof bewus geword van die uitlatings en foto's wat op Hoërskool Waterkloof se sosiale media platforms (Facebook en Instagram), geplaas is.

Alle relevante partye betrokke by die sosiale media platforms van die skool was dadelik in kennis gestel om die misdaad te ondersoek.

Tydens die ondersoek het dit duidelik navore gekom dat daar onregmatige toegang tot die skool se sosiale media platforms deur 'n onbekende party/partye verkry is.

Die skool het dadelik 'n verklaring op alle kommunikasieplatforms geplaas om die ouers en gemeenskap in kennis te stel.

Die skool het ook onmiddellik die relevante owerhede gekontak om die saak aanhangig te maak om sodoende die proses te begin om die skuldige/s vas te trek.

Om 13:45 het die hoof die skool asook die personeel toegespreek rakende die gebeurtenis. Die leerders en personeel is ook uitgenooi om enige kennis van die insident te rapporteer.

Hoërskool Waterkloof het die SAPD om 14:00 ontmoet en 'n kriminele saak geopen. 'n Volledige ondersoek deur die SAPD se kubermisdaadafdeling sal geloods word.

Mnr. C.H. Denysschen
Skoolhoof